

Sansevieria spesies (aethiopica, hyacinthoides, pearsonii, trifasciata)

Sansevieria aethiopica - E: common bowstring hemp, piles root A: aambeiwortel, H: ongohe, ongwehe

Sansevieria hyacinthoides - E: Eastern bowstring hemp

Sansevieria pearsonii - E: Gembok horn, spear plant, rhinoceros grass A: kniesteker, gembokhoring D: Bajonettpflanze H: onguehe

Sansevieria trifasciata - E: snake plant, mother-in-law's-tongue D: Schwiegermutterzunge

Die volksbenaminge dui dit baie treffend aan: Dis 'n ietwat boosaardige plant, maar ook uiters nuttig, want daarvan kan toue gemaak word, dit het verskillende medisinale waardes en dit is 'n alombekende dekoratiewe tuin- en binneshuise potplant, wat eintlik maklik groei en **geen** sorg verg nie!

Sansevieria is inheems in die suidelike Afrika, maar intussen oor die hele aardbol versprei weens sy waarde, veral as sierplant. In die Verre Ooste veral word die blare vereenselwig met 'n swaard, 'n item met hoë simboliese waarde en so ook dikwels gebruik in rangskikkings wat 'n boodskap i.v.m. krag, seëviering en sukses te doen het. Hiervoor word hoofsaaklik die twee breëblaarspesies gebruik.

Dit blyk dat hierdie plant met groot sukses geïbrideer is, om die kleurskakerings en blaarvoorkoms te varieër en wêreldwyd 'n groot kommersiële waarde het.

Volgens 'n ondersoek deur die NASA (Nasionale Lugvaart- en Ruimte-Administrasie van die VSA) is die Sansevieria **een van die beste** binneshuise sierplante wat die **kwaliteit van die lug in die vertrek verbeter!** (Of hulle dit in die ruimtetuie saamvat vir vars lug???) Geen wonder dus, dat 'n mens dit dikwels in moderne meerverdiepinggeboue tussen die verdiepings by die trappe sien nie.

Hier by ons in die veld kom eintlik slegs die Sansevieria aethiopica en Sansevieria pearsonii voor; dis diegene met die smal blare, en soos ons kan verwag, die breëblaarspesies in die ooste van die kontinent waar dit meer reën.



Sansevieria aethiopica
met witterige blom

... en perserige blom

blomme lyk ietwas glasagtig

Die plante blom in die vroeë somer. Die rits blomme lyk baie mooi, verstrom 'n bekoorlike soet geur en lok talle insekte aan.

Die blare staan regop soos stingels, is vlesig, maar hard, vertikaal gevou, blou- of dofgroen in die geval van *S.pearsonii* en gevelek in die geval van *S.aethiopica* met 'n skerp punt bo ...*kniesteker!*

Dis die blare wat gebruik word om toue te maak: Die vel en vlesige vog word met 'n stuk hout weggeskraap tot die lang ligte vesels oorbly. Hierdie vesels word dan tot koord gerol. Met die toue word vangstrikke vir tarentale bv. gemaak, maar daaruit word ook die enkelratels (Gelenkrasseln) vervaardig, wat die Boesmans bv. vir die tradisionele danse om hulle enkels draai. Dit bestaan uit dubbelsnoere waarop leë kokonne gevul met 'n paar klippetjies geryg is; die snoere word om die enkels gedraai en gee 'n ratelgeluid as die voete gestamp word.




verwerking van blaar na vesel



vesels nadat vog en vel afgekrap is



...en dan na tou



Medisinale gebruike van die blare:

Blare word gebuig en die sap in seer oor of op tand gedrup, dikwels eers langs vuur opgewarm, bietjie saggeklop en dan ingedrup

Blare of die risome wat gekook is, kan teen aambeie, maagsere en inwendige parasiete verligting bring, as jy dit kou. Dit het 'n anti-inflammatoriese werking (wetenskaplik bewys!)



Sansevieria aethiopica met vrugte wat later oranje verkleur

Hier het ons te doen met nog 'n baie merkwaardige plant, uitsonderlik in voorkoms ('n bietjie die geval van: net sy ma kan lief wees vir hom.. dis nie regtig mooi nie) en gebruikswaarde. 'n Tjiepiese geval van: *daar steek baie meer in as wat dit blyk.*

Inligtingsbronne:

- People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)
- Guide to Garden Succulents (Gideon F.Smith, Ben-Erik van Wyk)
- Buschmänner Eine Reise zur Urbevölkerung Namibias (Rolf Frei, Tonio Passlick, Inligting en fotos oor blaarverwerking)
- Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
- Die letzten Steinzeitjäger (Gottlieb Polzer, Arnold H.Huber) Inligting en fotos oor Boesmanne se strikke
- Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
- Teks en ander fotos: Anka Eichhoff